Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS NET MY BESTE

14 Maart 2025 Uitgawe: 9/1/2025

## UIT DIE KANTOOR

Die kwartaal staan einde se kant toe en ons is byna klaar met die skryf van toetse vir hierdie kwartaal. Die Gr. 4-7 leerlinge se toetsweek eindig op Donderdag, 20 Maart. Tog wil ek weer 'n beroep op ouers doen om die kinders te motiveer om ook hard te leer vir die laaste paar vraestelle wat nog geskryf moet word. Die akademiese vorderingsverslae sal spoedig na die vakansie uitgestuur word.

Baie dankie vir elke ouer se ondersteuning langs die sportvelde. Ons kinders het puik presteer die afgelope kwartaal in die swembad, op die atletiekbaan asook op die krieket- en rugbyvelde. Ons kon ook nou behoorlik ons nuwe sportveld inwy. Die buitemuurse program begin effens afneem met enkele sportsoorte wat nog voorberei vir wedstryde en toernooie wat binne die volgende twee weke en vakansie plaasvind.

**Boeliegedrag**

Alle skole ondervind van tyd tot tyd dat daar sekere groepe of leerders is wat tekens van boeliegedrag toon. Ons probeer dit van die skool se kant af bestuur, maar ook in die proses om leerders op 'n gesonde wyse te leer dat dit verkeerd is. As ons sien dit raak 'n probleem by 'n sekere groep, moet ons ingryp. Dit behels 'n algemene gesprek met die leerders voordat daar direk na straf beweeg word. 'n Verdere stap is om 'n geleentheid te skep waar bekwame persone op 'n informele vlak ons kinders bietjie meer kom vertel van wat is boeliegedrag en hoe om dit te hanteer. Om voorkomend op te tree, is daar so 'n geleentheid in die nuwe kwartaal geskep. Dit vind op 25 April plaas. Ek gee hierdie inligting deur sodat ouers bewus kan wees dat die skool uit sy pad gaan om ons kinders die regte waardes te leer. Dankie vir u begrip en ondersteuning in hierdie verband.

## ANDER

**Langnaweek:**


Vrydag, 21 Maart is Menseregtedag wat 'n openbare vakansiedag is. Dit beteken dit is die eerste van 'n klompie langnaweke wat in die komende maand of twee gaan plaasvind.

Om hierdie rede sal die skool op Donderdag, 20 Maart reeds om 12:00 uur verdaag. Nasorgstudie sal egter soos normaal voortgaan.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 14 Mrt.: | Rugby/Netbal: Aandliga (WP) |
| | H/S Jim Fouché Opedag (Gr. 7) |
| | BFN Skaakliga |
| | Tjokkiebal (Kleuterskool) |
| 15 Mrt.: | BFN Skaakliga |
| 20 Mrt.: | Toetsweek eindig |

## VERJAARSDAE



16 Mrt.: Mnr. Elrico Greyvenstein (IT)

## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR


Tjokkies, net soos ander skole, hou jaarliks sekere fondsinsamelingsprojekte om ons skool se finansies aan te vul. Hierdie fondse word dan uitsluitlik aangewend vir die instandhouding en ontwikkeling van ons terrein. Vanjaar se groot fondsinsameling is die verkoop van lootjie-kaartjies. Elke leerder gaan 'n lootjie-boekie ontvang op **24 Maart 2025** wat bestaan uit **10 kaartjies**, wat elk teen **R50.00** verkoop moet word.

Ons vertrou dat u en u kind die beste poging sal aanwend om die kaartjies te help verkoop en die nodige prosedures te volg om die boekie betyds terug te stuur.

Daar is wonderlike pryse (41 in totaal) wat gewen kan word. 'n Volledige brief word saam met u kind huis toe gestuur en word ook aangeheg hier en sal op Tjokkies Community verskyn.

Om die verkoop van lootjies opwindender te maak, het ons fantastiese pryse vir die drie leerders wat die meeste lootjies verkoop:

- **Eerste prys:** R1500.00 kontant
- **Tweede prys:** R1000.00 geskenkbewys van Mimosa Mall
- **Derde prys:** R500.00 kontant




TraXdor
YOUR SAFETY OUR PRIDE
10% DISCOUNT MARCH 2025
We are thrilled to announce the launch of our new
Aluminium Division
Shopfronts • Stackable doors • Pay windows
Anti-bandit doors • Entrance booths
Call us for a free quotation
051 432 7070 | traxdor@lantic.net
www.traxdor.co.za


BLOEMFONTEIN MOTORS
Proud Sponsor of : Tjokkies School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042

For All Your Steel

# HARDWARE

NEEDS AND MORE IN

# BLOEMFONTEIN

FREE STATE

## **PAINT OF THE WEEK** HC BLACK ETCH PRIMER**




**Data sheet available**




**R125.00** Incl. VAT

*HC BLACK ETCH PRIMER*
***1lt***

**R451.50** Incl. VAT

*HC BLACK ETCH PRIMER*
***5LT***

www.stewartsandlloyds.co.za

**051 434 3951**

bloemfontein@sltrading.co.za

**VISIT US IN-STORE**

42 MILL STREET
HAMILTON INDUSTRIAL SITES
BLOEMFONTEIN